GESKIEDENIS
en Antieke Kultuur
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies

• Ons doen dit reg • Re dira sentle • Getting it right

NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Geskiedenis en Antieke Kultuur

1. Die doel en waarde van Geskiedenis

Geskiedenis handel oor die optrede, gedagtes en emosies van mense binne samelewingsverband. Geskiedenis kan dus gedefinieer word as die studie van die herkenbare optrede van mense en in besonder daardie handelinge wat betekenis inhou vir die samelewing. Die geskiedenis word nie net ter wille van die verlede bestudeer nie, maar is daarop ingestel om die hede beter in die konteks van die verlede te begryp en te beoordeel. Geskiedenis as 'n mensgerigte wetenskap het dus betekenisvolle menslike optrede binne 'n samelewing in die visier. Aangesien die mens boeiend, kompleks en onvoorspelbaar is, is die beoefening van Geskiedenis ook lewend, opwindend en vol genot.

2. Beroepsmoontlikhede

Die Geskiedenis verskaf noodsaaklike agtergrond vir feitlik al die ander vakdissiplines. Die vernaamste vakrigtings in die verband is die Taalwetenskappe, Sosiale Antropologie, Sosiologie, Filosofie, Opvoedkunde, Sielkunde, Politieke Studies, Maatskaplike Werk en Ekonomie.

Geskiedenisopleiding is noodsaaklik vir die volgende beroepe:

- Geskiedenisonderwysers
- Geskiedenisdosente
- Professionele historici en skrywers
- Kultuurhistoriese museums
- Argivarisse.

3. Geskiedenisopleiding is nuttig vir die volgende beroepe:

- Onderwysers en akademiese beroepe
- Administratiewe dienste en bestuur
- Argeologie
- Regsprofessie
- Politiek
- Diplomatieke en inligtingsdiens
- Teologie
- Uitgewery en joernalistiek
- Maatskaplike Werk
- Militêre inligting
- Personeeldienste
- Biblioteek-en inligtingswese
- Kunsgalerye
- Radio en Televisie
- Wapenkunde
- Genealogie
- Kuns en letterkunde.

Voorgraadse programme:

GESK112: TWINTIGSTE EEUSE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

Hoofmomente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, asook patrone van differensiasie en interaksie tot 1900; Suid-Afrika as deel van die Britse ryk en Europees-gedomineerde wêreld tot 1945;.Politieke ontwikkeling in Suid-Afrika 1945-1991; Suid-Afrika en die Koue Oorlog 1945 tot 1990; Verwikkelinge in Suid-Afrika, 1994 tot 2004.

GESK121: MODERNISERING EN SAMELEWINGSONTWIKKELING

Internasionale samelewingsontwikkeling van verskillende beskawings sedert die sewentiende eeu (met besondere klem op die historiese proses van sosiale, politieke en ekonomiese ontwikkeling).

GESK122: DIE WORDING VAN DIE HEDENDAAGSE SAMELEWING

Historiese perspektief op hedendaagse samelewings tendense (bv. tegnologiese ontwikkeling, globalisering en demokratisering).

GESK212: SUID-AFRIKA EN AFRIKA: POLITIEKE ONTWIKKELING

Historiese wortels van die demokrasie in die Griekse stadstate en die Romeinse Ryk; belangrikste tendense van die ontwikkeling van demokrasie in Brittanje, Frankryk, die VSA en veral Afrika met besondere verwysing na Suid-Afrika; vernaamste kenmerke van die Britse, Duitse en

Franse koloniale stelsels; die dekolonisasieproses in Asië en Afrika met besondere fokus op Suidelike Afrika; die tydperk van die Koue Oorlog en die stryd tussen twee ideologieë/ magsblokke in ´n veranderde wêreld en die invloed daarvan op Afrika en Suid-Afrika; en vernaamste kenmerke van die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die aanvang van die twintigste eeu.

GESK 222: SUID-AFRIKA EN AFRIKA: SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING
Hooftrekke van die sosiale en ekonomiese geskiedenis sedert ongeveer 1800 van Afrika en Suid-Afrika in die besonder; belangrike kontemporêre probleme in Afrika in die lig van die historiese ontwikkeling; verbande tussen sosiale en ekonomiese ontwikkelings in Suid-Afrika en die res van Afrika; en wisselwerking tussen sosio-ekonomiese en politieke ontwikkelings in Afrika en Suid-Afrika.

GESK 312: DIE MENS IN INTERAKSIE MET DIE OMGEWING
Omskrywing van die terrein van omgewingsgeskiedenis; historiese ontwikkeling van mens-omgewing-interaksie van prehistoriese tye af tot vandag toe; geselekteerde temas binne die omgewingsgeskiedenis.

GESK 322: IDEË EN IDEËGESKIEDENIS
Die volgende aspekte van intellektuele geskiedenis: (1) vernaamste denkstrominge in die Westerse wêreld vanaf die Renaissance en hul invloed op die samelewing en kultuur; vernaamste kenmerke van ideologieë, wat ´n groot impak op die twintigste-eeuse geskiedenis gehad het; ontwikkeling van die universiteit as sentrum vir wetenskapontwikkeling sedert die Middeleeue en sy invloed op die samelewing. (2) Metodologie van geskiedenis: omskrywing en toepassing van die vernaamste stappe in ´n historiese navorsingsproses; die waarde van bepaalde teorieë en hul nut in die bestudering van geskiedenis; die belangrikheid van interdissiplinêre navorsing vir die historikus. (3) Historiografie: vernaamste kenmerke van die geskiedbeskouing en die geskiedskrywing in die Westerse wêreld voor 1800; hoe die geskiedwetenskap in die negentiende eeu sy beslag gekry het; die invloed van die liberale, Marxistiese en ander rigtings in die moderne Westerse geskiedskrywing; hoofkenmerke van die Afrikaanse, liberale en radikale rigtings in die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedskrywing; die invloed van geskiedbeskouinge, en in besonder van ´n Christelike geskiedbeskouing, op die geskiedskrywing.

Nagraadse program
Honneurs

Kurrikulum : L608P: Geskiedenis
- GESK611 Geskiedenis: Metodiek en Teorie
- GESK612 Geskiedenis: Historiografie
- GESK623 Geskiedenis: Suid-Afrikaanse Geskiedenis: ´n Geselekteerde Tema
- GESK624 Geskiedenis: Afrikageskiedenis: ´n Geselekteerde Tema
- GESK625 Geskiedenis: Wêreldgeskiedenis: ´n Geselekteerde Tema
- GESK626 Capita selecta
- GESK627 Geskiedenis: Navorsingsprojek

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:
i) ´n Leerder moet VYF kursuseenhede aflê. GESK611 en GESK612 is verpligtend.
ii) Die keuse van kursuseenhede word in oorleg met die vakvoorsitter gedoen.
iii) Die inhoud van die module capita selecta geskied in oorleg met die voorsitter van die vakgroep Geskiedenis.

MAGISTER ARTIUM GESKIEDENIS
Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum:
'n Hons BA (Ontwikkeling en Bestuur) of 'n Hons BA in Geskiedenis of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Kurrikulumuitkomste:
Die leerder sal daartoe in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor aspekte wat met die geskiedenis verband hou te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Dit sal hom of haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies voort te kan gaan.

Artikulasie:
Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die PHD -graad in Geskiedenis.

Kurrikulum : L820P : Geskiedenis (verhandeling)
GESK871 Geskiedenis: (verhandeling).

PHILOSOPHIAE DOCTOR: GESKIEDENIS

Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum:
Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.14.1 moet 'n leerder oor 'n magistergraad in Geskiedenis of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik.

Kurrikulum uitkomste:
Die leerder sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op wetenskaplike wyse op die hoogste vlak daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die leerder ook beter toegerus wees om sy beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

Kurrikulum : L915P : Geskiedenis
GESK971 Geskiedenis : (proefskrif)

Antieke Kultuur
Antieke Kultuur word slegs op eerstejaarsvlak aangebied en handel oor interessante aspekte van die kulture van die Ou Naby Ooste (Sumerië, Assirië en Babilonië), die Grieke, die Romeine, die Islam en Afrika. Hierdie kursus sluit die volgende onderwerpe in :

AKLR111: OU NABYE OOSTE EN GRIEKELAND
- Evaluering en bespreking van die ontwikkeling van kultuur vanaf die voorhistoriese tydperk
- Bespreking van die antieke kulture van die Nabye Ooste
- Bespreking van die kultuur en politieke ontwikkeling van antieke Griekeland
- Beskrywing van die geskiedenis en daaglikse lewe van Antieke Griekeland.

AKLR121: ANTIEKE ROME EN ANDER KULTURE
- Romeinse sosiale geskiedenis, die ontwikkeling van die Romeinse regstelsel en die konstitusionele ontwikkeling van Rome
- Basiese Latynse regsterminologie te herken en vertaal
- Algemene Latynse terme en afkortings te herken en vertaal
- Die invloed van Latyn op die alledaagse lewe te herken
- Bespreking in hooftrekke van die kulture van Bisantium, die Islam en sekere Afrikakulture

Beroepsmoontlikhede:

Antieke kultuur kan deur enige student geneem word, maar is veral nuttig in die volgende beroepe:
- Prokureurs
- Toerleiers
- Kunstenaars
- Onderwysers
- Diplomate
- Predikante

KONTAKBESONDERHEDE:

Kontak: Prof Kobus Du Pisani
Tel: +27 (0)18 299 1594
Gebou F13, Kamer G11

Kontak: Prof Gerhard Oosthuizen
Tel: +27 (0)18 299 1597
Gebou F13, Kamer G09

Me. Carma Geldenhuys (sekretaresse)
Tel: +27 18 299 1754
Gebou F13, Kamer 115